Eienaar of Bestuurder ?

Die "derde" bekering

Francois Cillié
Dr Francois Cillié is die Saakgelastigde van die Wes- en Suid-Kaap Sinode.

Wat is ek? "Eienaar" of "bestuurder" van alles wat die Here aan my toevertrou het? Dis die groot vraag wat 'n mens se hele lewe bepaal.

Die Bybel sê baie duidelik dat die Here wat Skepper is, ook Eienaar van alles is. Hy het ons ook gemaak en het daarom volle seggenskap oor ons lewens – Hy gee die hartklop en die asemhaling!

Ons as mense is na die beeld van God geskape. Daarom kan ons besluite neem, asook verantwoordelik en intelligent optree. Maar daarin bly ons altyd ondergeskik aan en verantwoordbaar teenoor die Here. So is dit ook met ons talente en eiendom. Ons kan daaroor besluit, maar as bestuurders is ons altyd ondergeskik aan die Here se wil.

Teenoor hierdie Bybelse standpunt dat ons bestuurders van alles is, staan die *materiële wêreld se uitgangspunt* dat ons eienaars is. Die wêreld waarin ons vandag leef, herinner ons telkens dat materiële dinge die enigste realiteit en prioriteit in die lewe is. Hulle sê: "Meer is noodwendig beter!" Daarom word amper alles in die wêreld gemeet aan hoeveel jy het: Dit bepaal meesal jou status en aanvaarbaarheid in die wêreld.

Die Bybel wil die menslike drang na meer, *in balans bring*: "Dié wat ryk wil word, val in versoeking. Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulself baie ellende op die hals gehaal." En vir die welvarendes: "Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms…" (1 Tim. 6:9-19) Die interessante van hierdie "geniet" is dat dit aansluit by 'n woord van die Here Jesus: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." (Hand. 20:35)

Om te gee, kom van die *voorbeeld van die Here self*. God is 'n gewende Wese. Sy "gee" bereik die hoogtepunt in Christus as selfopofferende Verlosser (2 Kor. 8:9). Vir gelowiges kry dit betekenis in 'n Christus-gesentreerde lewe wat besef dat 'n mens alles bestuur met die Here se eer as eerste prioriteit!

Die Bybel sê dat ons ons talente en besittings moet gebruik om vir ons gesinne en families te sorg (1 Tim. 5:4), behoeftiges te help (Matt. 25:34-40, Luk. 10:30-37) en om die Here se Koninkryk te laat kom(2 Kor. 9:4-18, Fil. 4:10-20).

Die Bybel bied riglyne van *hoeveel* 'n mens behoort te gee sodat die Here as "eienaar" van alles erken word. Die Ou Testament bepaal 'n tiende en meer. Die Nuwe Testament hef nie die vorige bepaling op nie (Mat. 23:23), maar gee 'n bykomende riglyn: "Elkeen moet volgens sy vermoë gee." (1 Kor. 16:3). Dit kan dus selfs baie meer as 'n tiende wees! Daar is tog ook 'n bevrydende Woord: "As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie. Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help." (2 Kor. 8:12v). Dit herinner mens ook aan die weduwee wie se offer van twee geldstukkies in Jesus se siening, die meeste was omdat sy "alles" gegee het as teken van haar vertroue op die Here! (Mark. 12:41v).

Sommige gelowiges is bang dat hulle sal *skade ly* as hulle vir die Here gee. Die teendeel is egter waar. Kyk byvoorbeeld na die volgende beloftes wat verbind word aan ruim gee in Maleagi 3:10: "Toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie." [Dis die enigste plek in die Skrif waar God die mens uitdaag om Hom op die proef te stel!] In Korinthiërs 9:7v staan: "God het die blymoedige gewer lief. En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk." [Daar is seker nêrens anders 'n meer omvangryke belofte oor tydelike en geestelike oorvloed nie!] "En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus" staan in Filippense 4:19. Hierdie beloftes van die Here is so waar en eg soos ons aanvaarding daarvan dat dit elke oggend lig word!

Daar is op die ou end net twee groepe mense op aarde:

- Die wat sonder 'n verbintenis met die Here lewe – baie van hulle beskou hulself as eienaars – vir wie materiële dinge die hoogste prioriteit is; en

- Die vir wie hulle verhouding met die Here prioriteit is – hulle wat as verantwoordbare bestuurders van alles wat die Here aan hulle toevertrou het, leef.

Hulle besef *die waarheid van Maartin Luther se uitspraak: "In 'n Christen se lewe is daar drie bekerings: die kop, die hart, die beursie. Die derde bekering is die teken van ware bekering."*

"In 'n Christen se lewe is daar drie bekerings: die kop, die hart, die beursie. Die derde bekering is die teken van ware bekering."

MaartinLuther

Om "bestuurder" vir die Here te wees, sluit in:

Hoe **bekom** ons die geld wat ons kry;
Hoe **gee** ons die geld wat ons het;
Hoe **bestee** ons die geld wat ons hou.